

Lêerno.: 22/2/6/1  
Verwysing: 20240405-2925

Kurrikulum VOO-minuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore),  
Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer,  
Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

**Onderwerp: Versoek aan skole om gedurende die week van 20 tot 24 Mei 2024 Afrika-dag te vier**

1. Afrika-dag word jaarliks op 25 Mei regdeur Suid-Afrika gevier en herdenk. Die tema vir 2024 is: **The Year of Education – Educate an African fit for the 21st Century**.
2. Die hoofdoel met die viering van Afrika-dag is om eenheid, solidariteit en samewerking tussen Afrikalande en die mense van Afrika te bevorder. Op Afrika-dag word die totstandkoming van die Organisasie vir Afrika-eenheid op 25 Mei 1963, wat in 2002 in die Afrika-unie verander het, gevier.
3. Met die fokus wat hierdie jaar spesifiek op die onderwys val, is dit 'n geleentheid vir omvattende oorlegpleging oor hoe om toegang tot onderwys van hoë gehalte regdeur Afrika te verbeter, meer beleggings te verseker en doeltreffende beleide daar te stel. Dit is belangrik, want van die laagste onderwysvlakke in die wêreld kom in Afrika voor, en Afrika ervaar ernstige uitdagings.
4. Prinsipale en opvoeders word versoek om gedurende die week van 20 tot 24 Mei 2024 'n geskikte tyd te vind om leerders bewus te maak van die waarde wat Afrika-dag vir alle landsburgers inhou.
5. Om u met die beplanning van moontlike aktiwiteite te help om hierdie belangrike dag te vier, is die volgende hulpbronne op die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se e-Portaal gelaa:
  - **Bylae A** – Die Afrika-unie se volkslied (woorde)
  - **Bylae B** – Voorgestelde aktiwiteite vir die week
  - **Bylae C** – Tema vir 2024

6. Toegang tot hierdie hulpbronne kan via die volgende skakel verkry word:  
<https://wcedportal.co.za/africa-day>
7. Vir meer inligting kan u met Bridget Tobin, Adjunk-hoofonderwyskundige: Geskiedenis in verbinding tree via e-pos by [Bridget.Tobin@westerncape.gov.za](mailto:Bridget.Tobin@westerncape.gov.za) of per telefoon by 021 467 2251.
8. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel en leerders te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2024-05-03